# 26 Februarie 2024 - Lesing 246 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***2 Petrus 3:10*** *"Maar die Dag van JaHWeH sal kom **soos 'n dief in die nag**, waarin die Hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die Aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand."*

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

2 Petrus 3 : 10 – 21/12/61

**NO: 8066** "***Die dag van die Meester sal kom soos 'n dief in die nag***!". Die dag waarop Ek My aan elke mens met 'n donderstem sal openbaar, wat elkeen sal hoor en waaraan geen mens hom kan onttrek nie. Want eens moet die werk wat die aarde gaan verander plaasvind, eenmaal moet die ordening herstel word. **Die aarde moet weer tot 'n verblyfplek word waar die geestelike geskool kan word wat ryp moet word en hul voltooiing bereik.**

Hierdie dag is sedert ewigheid voorsien, My plan is daarop gebaseer dat so 'n verandering eendag moet plaasvind, omdat die mensdom self die aanleiding daartoe gee, wat My Wysheid baie goed ingesien het. Dus sal My Mag ook alles ten uitvoer bring en julle sal met sekerheid hierdie dag kan verwag.

**Dit sal 'n verlossingsperiode beëindig - en daar sal 'n nuwe een begin, soos wat dit in woord en geskrif verkondig is.**

Steeds weer wys Ek julle daarop, maar omdat julle mense ongelowig is, omdat julle My woord nie ernstig opneem nie, sal julle dus verras word. En hoewel ook My teenstander in die laaste tyd voor die einde sal heers oor die hele aarde, wanneer hy **die meeste mense in sy mag gekry het**, sodat in hulle alle geloof verlore sal gaan - en hulle op die laaste alleen nog ware duiwels sal wees, wat die van Myne in die noute sal bring en in die hoogste nood sal laat beland, sal Satan tog nie sy mag behou nie, **want Ek sal dit van hom afneem.**

En almal wat hulle nie van hom geskei het nie, wat nie aan Myne behoort nie, sal met ontsetting oorval word, **wanneer Ek Myne voor hul oë wegneem** - en hulle dan sal insien dat daar vir hulle geen redding meer is nie, - dat hulle aan die deur hulle in werking gestelde vernietigingswerk ten prooi gaan val **en deur die aarde verswelg gaan word.**

Want op 'n ander manier kan die aarde nie gereinig word nie, alles wat daarop geskape is, **moet ontbind word** en al die daarin gebonde geestelike moet in **nuwe vorms** geakkomodeer word. Daar moet 'n allesomvattende reinigingswerk voltrek word, sodat **die ordening herstel kan word**, wat 'n positiewe ontwikkeling van die gees sal waarborg - en wat die aktiwiteite van My teenstander vir 'n lang tyd heeltemal sal uitsluit, om welke rede hy met sy aanhang gekluister gaan word.

Steeds weer word hierdie dag van die einde vir julle mense aangekondig, maar slegs weiniges glo daaraan - en ook hulle het daar geen vermoede van hoe naby dit voor hulle is nie.

**Maar tot aan die einde sal Ek nog steeds My vermaninge en waarskuwings herhaal**. Tot aan die einde sal Ek julle almal steeds weer aanspreek en julle daarop attent maak - en tot aan die einde sal daar vir elkeen van julle nog die moontlikheid bestaan om 'n sodanige besluit te neem, sodat hy aan die verskrikking van die einde kan ontsnap.

En aangesien julle weet wat die einde alles met hom meebring, treur dan nie oor hulle wat Ek vroegtydig uit die lewe wegroep nie. Treur nie oor hulle nie, want hul lot is beter as dat hulle tot die einde toe lewe, maar nie aan My glo nie. Die eerstes het nog die moontlikheid in die hiernamaals om die lig te bereik, die laatstes sal egter steeds dieper wegsink.

Want Ek weet dat hulle ook in die ryk hierna alleen die weg na die diepte sal neem, dus ook die genade van 'n vroeë dood nie sal benut nie, omdat Ek van die toestand en die wil van elke siel op hoogte is - en in ooreenstemming hiermee ook haar lot op aarde vormgee.

En is dit ook moeilik om aan 'n einde van die aarde te glo, tog kan die mense hulle dan nie verontskuldig nie, want elkeen weet wat goed en kwaad is en elkeen kan, as hy maar wil, My gebooie van die liefde nakom.

En as hy daarvolgens leef, dan sal die einde vir hom ook nie as resultaat die verbanning in vaste materie hê nie. Dan sal hy of tot diegene hoort wat Ek op die **nuwe aarde** sal plaas, of hy sal vooraf na die **geestelike ryk** weggeroep word en ook nie verlore gaan nie.

Dit is in elke geval goed wanneer elkeen hom op 'n nabye einde sal voorberei, wanneer hy met die moontlikheid rekening hou, as om met verrassing die werk van vernietiging oog tot oog te aanskou, waaruit daar sonder My hulp geen ontkoming meer sal wees nie.

Wie hierdie gedagte eenmaal by homself oordink, die sal ook verseker sy weg na My neem, na sy Skepper van hemel en aarde, wat alles uit Hom laat ontstaan het wat dit ook alles weer kan vernietig **as dit hom nie meer aan Sy orde hou nie.**

Maar Ek sou julle almal graag van die verderf wil red en daarom sal Ek julle steeds weer die laaste vernietigingswerk voor oë hou. En wie glo: die sal ook hierdie dag nie hoef te vrees nie. Want hy sal hom met alle krag daarop voorberei en as hy ook nog swak en onvolmaak is, sal hy in My tog 'n barmhartige Regter vind, want Ek waardeer sy wil, Ek sal hom daarom nie veroordeel nie, maar hom veeleer die ewige lewe gee. Amein.

**Henog 1:*2*** *En hy het sy gelykenis begin deur te sê: Henog, 'het n visioen van die Aparte Een in die Hemele gesien, … terwyl ek kyk dat dit nie op my geslag van toepassing is nie, **maar op 'n verre een wat nog moet kom**.*

***9*** *En kyk, JaHWeH het gekom met Sy tienduisende van Apartheid, om gerig te hou oor almal, en om al die **verbasterdes** onder hulle te straf oor al hulle **basterdade** wat hulle in hul **verbastering** gepleeg het, en oor al die harde woorde wat die **verbasterde** verbrekers van die Wet teen Hom gespreek het. [Judas 1:14-15; Deuteronómium 33:2,3]*